# DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP

## JAARVERSLAG

## 2025 / 2026

Dr. Johann Fourie






## Inhoudsopgawe

1. Inleiding ..... 5
2. Doelstellings ..... 5
3. Raad en Dagbestuur ..... 6
3.1 Raad en Portefeuljies: ..... 6
3.2 Dagbestuur ..... 8
4. Kantoor ..... 9
5. Komitees ..... 11
5.1 Finansies ..... 11
5.2 Tegnies ..... 11
5.2.1 Hulpstamboek A bulle ..... 11
5.2.2 Ehlers Danlos-sindroom ..... 12
5.2.3 BGP 2 Projek ..... 12
5.3 Bemarking ..... 13
5.2.4 Jongboer komitee ..... 17
6. Keurdersopleiding en opknappingskursus en keuring ..... 18
7. Inligtingsdae en ander aktiwiteite: ..... 18
7.1 Nasionale veiling ..... 18
7.2 Vrystaat Studiegroep ..... 20
7.3 Reitz konferensie 2026 ..... 20
7.4 Winton Boeredag ..... 21
7.5 Nampo 2026 ..... 21
7.6 Excelsior Somergraan Studiegroep ..... 21
7.7 Luneburg Duitse Braai ..... 22
7.8 Morgenson ..... 22

8. Klub aktiwiteite ... 23
8.1 OTDK Klub Verslag ... 23
8.2 Noordwes Drakensberger Klub ... 24
8.3 6+ Klub Verslag ... 25
9. Keurings terugvoer ... 26
9.1 Terugvoer van die Gauteng-distrik/-keurings: ... 27
9.2. Terugvoer van die KwaZulu-Natal-distrik/-keurings: ... 27
9.3 Terugvoer van die Mpumalanga-distrik/-keurings: ... 28
9.4. Terugvoer van die Noord-Kaap & Namibië-distrik/-keurings: ... 28
9.5 Terugvoer van die Oos-Vrystaat-distrik/-keurings: ... 28
9.6. Terugvoer van die Noord-Wes-distrik/-keurings: ... 29
9.7 Terugvoer van die Plato-distrik/-keurings: ... 29
9.8 Terugvoer van die Sentraal Vrystaat-distrik/-keurings: ... 29
9.9. Terugvoer van die Vrystaat-distrik/-keurings: ... 30
9.10. Terugvoer van die Karoo & Kaap-distrik/-keurings: ... 30
9.11 Toeropsomming ... 30
9.12 Spesiale keurings ... 31
10. Ondersteuningsdienste aan nuwe telers ... 31
11. Veilings onder beskerming van die DBTG ... 32
12. Lede en getalle ... 34
13. Verspreiding van diere ... 35
14. Toekennings ... 36
14.1 SA Stamboek Prestasieklas deelname ... 36
14.2 Drakensberger Elite Vleisbees Streekstoekennings 2025 ... 37
14.3 SA Stamboek Elite Toekennings: ... 37
14.4 LNR Toekennings ... 38
14.5 Genootskapstoekennings ... 38
14.5.1 Beste TKP vir: ... 38
14.5.2 Beste OEK vir: ... 39
15. Kuddes en TKP’s ... 40
15.1 Tussen kalf periodes oor 14 jaar ... 40
15.2 Kuddes en TKP ... 40
16. Spesiale vermeldings ... 41
17. Bedankings en slotgedagtes ... 41

18. Slot gedagtes ..... 42

## 1. Inleiding

Die afgelope jaar het uitdagings gebied wat aan Suid Afrikaanse boere, wat uniek is en wat sonder regerings ondersteuning die hoof gebied moet word. Dit is nie iets waarvoor jy vra nie. Vir goeie denke ja, vir wilskrag en beste planne en vir suksesvolle uitvoering daarvan.

Die nasionale veiling van 2025 het vele diere na ander heenkome geskuif, met groot verwagting dat daardie diere presies dit sal doen wat die nuwe eienaar van hulle verwag. Die verwagte nasionale veiling vir 2026, gewoonlik gehou in Juniemaand, moes noodgedwonge voorlopig kanselleer word weens die implikasies wat Bek en Klouseer aantasting op ons diere kan he. Immunisasies is teen n slakkepas tot op hierdie stadium, riglyne wat gestel is maak dit moontlik om wel n nasionale veiling te oorweeg met immuniseerde diere.

Dit was uit gesprekke met telers waarvan kuddes wel Bek en Klouseer onder lede gehad het, duidelik dat die mortaliteit onder die Drakensberger besonder laag is. Lede was versigtig om die inligting te deel, miskien tog maar versigtig dat die situasie skielik kan verander. Dit het nie Die Drakensberger het ongelooflik goed deur hierdie pandemie oorleef.

Besluite deur sekere presidente van sekere lande, het gevolge wat wereldwyd implikasies het, ook hier aan die suidpunt van Afrika. Dit affekteer alle mense, met boere wat blootgestel is aan die verhoging van insetkoste en stagnering van graanpryse. Inderdaad 'n moeilike situasie.

Die natuurtoestande was die afgelope seisoen gunstig vir reen en groot areas in Suid Afrika is mildelik geseen. Ondergrondse - en grondvog wat in die komende seisoen van groot hulp kan en sal wees.

Dit lyk tog asof die sentiment in die land besig is om te verander, daar kom drupsgewys gevalle waar individue aanspreeklikheid moet aanvaar vir onbesonne dade wat gepleeg is en die gevolge daarvan moet dra. Die hoop is daar dat die verantwoording genoegsaam sal wees.

## 2. Doelstellings

Die skedules stel dit duidelik dat die teel en genetiese verbetering van die ras aangemoedig moet word deur die raad, wat dit welliswaar doen volgens die riglyne vervat in die grondwet en die skedules.

Die rasegtheid van die Drakensberger, waarvan 88% van diere (1600) wat genomies getoets is, n genetiese suiwerheid getoon het van meer as 87,5 %, word verder demonstreer deur uitslae soos verkry vanaf die

BGP-2 projek. Bespreking van uitslae en implementering daarvan, is in n skedule verandering vervat, om die toepassing daarvan te implementeer. **Skedule B.4.(e)**

Die raad bestaan uit vrywillige Drakensberger telers wat met toewyding en opoffering die selfopgelegde taak aanvaar om namens al die telers te handel, tot beskerming van die ras.

# 3. Raad en Dagbestuur

## 3.1 Raad en Portefeuljies:

***President:*** Johann Fourie: Dagbestuur - en raadslid

***Vise President***: Willie Landman: Dagbestuur - en raadslid

Groot verantwoordelikhede word deur hom behartig, spesifiek die finansiele bestuur en die opstel en handhawing van die begroting, waarby nougeset gehou word. Dit lei tot n gesonde finansiele posisie wat vir alle lede tot voordeel is.

Die bemarking van die Genootskap word ook deur hom bestuur, met baie tyd, denke en verpligtinge wat daarmee gepaard gaan. Dit is n voorreg om saam met Willie die besluite te neem en dit tot uitvoering te bring, sy insette is deurdag en toepaslik met absolute vertroue wat gestel word in die uitvoering daarvan.

***Dr Liesel Foster Dagbestuur - en raadslid***

Die geleentheid om saam met Liesel die ras te bevorder en uit te brei, is n voorreg. Sy hanteer die tegniese aspekte en is verantwoordelik vir die koppeling en koordinering van navorsing waarby die Drakensberger betrokke is. Haar kundigheid en ervaring in die navorsingsmileu is prysenswaardig en van onskatbare waarde en is belangrik vir die toekoms van die Drakensberger ras as geheel.

Sy is ook n gerespekteerde senior keurder.

***Henk Delport Dagbestuur - en raadslid***

Hy is betrokke by die bestuur van die finansies en is ook n belangrike kernfaktor in die beplanning, bespreking van idees en uitvoering van die bemarkingsaksies wat deur die Genootskap uitgevoer word. Baie ure word spandeer aan Genootskapsake, baie kilometers word gery om geleenthede by te woon, baie toewyding is kenmerkend van Henk.

Hy is ook die rasverteenwoordiger by SA Stamboek en lewer uiters waardevolle insette tydens raad- en dagbestuur vergaderings. By SA Stamboek per se het hy, as deel van die bestuur, reeds aktief betrokke geraak by die bestuur en besluitneming wat gemaak word.

***Jean van der Merwe - Raadslid***

Verantwoordelik vir die kontrole en bestuur van die kantoor, wat toegewyd gedoen word. Ook die verantwoordelike persoon vir die reelings van die jaarvergadering, dinee en nasionale veiling, wat in die verlede uitstekend gedoen is en ook hiedie jaar dieselfde paadjie sal volg.

Betrokke by bemarking, die uiteensetting daarvan is in hierdie jaarverslag bygevoeg.

Jean is ook n gerespekteerde Senior keurder en is betrokke by die aksies van die praktiese evaluasiekursus van vleisbeeste, soos deur die Genootskap aangebied.

***Pikkie Uys - Raadslid***

Hy ontvang respek en agting vanuit die hele veebedryf en daar is hoe agting vir sy kennis en ervaring. Hy is betrokke by die opleiding van Drakensberger keurders op alle vlakke en die koordineerder van die kundige PJ Budler, wat betrokke was by die vooraf evaluasie van die beeste by 2025 se nasionale veiling. Wat ook hierdie jaar betrokke is by die reelings van die plek en vir die praktiese evaluasie van diere en opleiding van alle belanstellende telers en keurders.

Sy kontak en kommuniksie met telers van vele rasse, verleen insig en balans wat nodig is vir die vooruitgang van die Drakensberger ras.

Hy is ook n gerespekteerde ‘Stockman’ en senior keurder.

***Petrus Taljaard - Raadslid***

Betrokke by die opleidings kursus vir die praktiese evaluasie van vleisbeeste en het al telke male die kursusgangers tydens die kursus akkommodeer. Die verantwoordelikheid van die teenwoordigheid by Nampo is aan hom toevertrou, n taak wat hy met uitnemendheid behartig. Die kundige persoon betrokke by die organisasie en uitvoer van die vriesbrand demonstrasie tydens Nampo, wat belangstelling lok en die ras terselfdertyd demonstreer. Petrus is ook

betrokke by ondersteuning van bestaande lede en senior keurder. Hy is ook die taak toegewys om die prestasieklas bul aan te wys, n taak wat hy vroegtydig en professioneel hanteer.

***Udo Beneke Raadslid***

Hierdie jaar is die portefeulje van Keuring aan hom toegeken, wat n verantwoordelike taak is. Die uitdagings wat gestel is met die Bek en Klouseer pandemie, het die normale versteur en daar was en is vele uitdagings.

Was betrokke by n inligtingsdag te Luneburg en is altyd gewillig om borgskappe te verskaf vir Drakensberger geleenthede. Hy is ook dikwels betrokke by opleidingsgeleenthede wat deur die DBTG aangebied word. As gerespekteerde senior keurder staan hy sy plek meer as vol in die evaluasie van diere.

***JP Theunissen Raadslid***

Nuut verkose tot die raad en het verantwoordelikheid aanvaar vir die kontrole van die finansiele aksies en die werwing van borgskappe, n taak waarvan hy homself in alle opsigte onderskei. Hy het gemaklik ingeskakel tydens raadsvergaderings en daar word uitgesien na vele positiewe bydraes in die tyd wat voorle.

***Magiel Blom - Erelid***

Magiel Blom is steeds aktief betrokke by die DBTG en woon pligsgetrou die raads – en jaarvergaderings by, waar sy waardevolle insette, geformuleer op onderving en kennis, opgebou oor jare, waardevolle bydraes lewer in besluitneming.

Die lojaliteit teenoor die ras  is opmerklik en voorts is hy ook verantwoordelikheid om nuwe toetreders tot die ras, as stoetlede, op administratiewe vlak te lei en te stuur om sodoende die “vrees” vir stoetteling datahouding te besweer.

***Raadsvergaderings*** is gehou op:

- 17 Junie 2025 (Parys)
- 20 Augustus 2025 (Vrede)
- 12 November 2025 (Kroonstad)
- 13 Februarie 2026 (Kroonstad)
- 5 Junie 2026 (Vrede)

## 3.2 Dagbestuur

Die DBTG dagbestuur bestaan uit die volgende lede:

- Johann Fourie
- Willie Landman
- Henk Delport
- Liesel Foster

Vyf virtuele vergaderings is gehou op:

- 16 Julie 2025
- 15 Oktober 2025
- 14 Januarie 2026
- 23 Maart 2026
- 6 Mei 2026

Die dagbestur vergadering van 14 Januarie 2026 het as besprekingspunt gehad die moontlikheid of die raad van die DBTG kan beding vir vroegtydige beskikbaarheid van BKS entstof vir die lede ? Dit was uit die gesprek duidelik dat die besluit, wat die raad raad baie graag sou wou deurvoer, gerem word deur die burokratiese wyse waarop daar met die hele kwessie van BKS gehandel is en steeds gehandel word.

Dit was ook logies en voor die hand liggend dat die raad nie spesifieke riglyne kon stel vir AL die lede nie. Die insidensie van die siekte en die onvoorspelbaarheid van uitbrake, het dit onmoontlik gemaak. Tog was daar lede wat riglyne verwag het vanaf die raad, die gevoel is geskep dat daar nie met dringendheid deur die raad opgetree is in belang van die lede nie. Dit was teleurstellend.

## 4. Kantoor

Die diens wat deur Melissa Blom gelewer word, is uitstaande en flink. Baie ure word ekstra gewerk en dit is nie snaaks om na – ure boodskappe te ontvang nie. Dit getuig van toewyding en passie vir haar werk, wat raakgesien en waardeer word. Inderdaad ‘n voorreg om saam met haar tot diens van die DBTG te wees.

Die volgende is die verslag uit die kantoor:

Dit is vir my ’n voorreg om verslag te doen oor die aktiwiteite van die Drakensberger Beestelersgenootskap se kantoor gedurende die afgelope boekjaar.

Die kantoor dien as die administratiewe spilpunt van die Genootskap en is verantwoordelik vir die daaglikse ondersteuning van lede, die verwerking van navrae, administrasie rondom keurings, veilings, vergaderings, kommunikasie en die koördinering van verskeie projekte en inisiatiewe.

Gedurende die afgelope jaar het die kantoor ’n beduidende toename in administratiewe werkslading ervaar as gevolg van die uitdagings wat deur Bek-en-Klouseer aan die bedryf gestel is. Gereelde kommunikasie met lede, veeartsenydienste, SA Stamboek, RMIS en ander rolspelers was noodsaaklik om lede op hoogte te hou van die jongste verwikkelinge, regulasies en prosedures.

Die implementering van die RMIS- en IDTrax-stelsels het ook ’n belangrike deel van die kantoor se werksaamhede uitgemaak. Ondersteuning is aan talle telers gebied met die registrasie van plase, die verkryging van GLN-nommers, die voltooiing van dokumentasie en die bestuur van inentingsprosesse. Hierdie ondersteuning het bygedra om die administratiewe las op lede te verlig gedurende ’n uitdagende tydperk.

Die kantoor was verder betrokke by die organisering en koördinering van die Algemene Jaarvergadering, Raadsvergaderings, Dagbestuursvergaderings, die Kudde-Dink dag, opleidingsgeleenthede en ander Genootskapsaktiwiteite. Die logistieke beplanning en administratiewe ondersteuning van hierdie geleenthede vereis deeglike voorbereiding en samewerking met verskeie rolspelers.

Ondersteuning aan nuwe en bestaande telers bly ’n belangrike fokusarea. Gedurende die jaar is hulp verleen met registrasieprosesse, lidmaatskapaangeleenthede, stamboeknavrae, keuringsreëlings en die algemene administrasie wat met stoettelery gepaard gaan. Die kantoor streef daarna om lede vinnig, professioneel en doeltreffend by te staan.

Die Genootskap se kommunikasiekanale, insluitend die webblad, sosiale media-platforms, WhatsApp-groepe en elektroniese nuusbrief, het steeds ’n belangrike rol gespeel om inligting betyds aan lede beskikbaar te stel. Gereelde opdaterings en kennisgewings is deur die kantoor versprei om te verseker dat lede op hoogte bly van gebeure en bedryfsontwikkelings.

Ek wil graag my opregte dank uitspreek teenoor die President, Dagbestuur, Raad, Bemarkingskomitee, telers en alle lede vir hul ondersteuning, samewerking en vertroue gedurende die afgelope jaar. Die sukses van die Genootskap is slegs moontlik deur die gesamentlike bydraes van toegewyde individue wat die Drakensbergerras se belange op die hart dra.

Dit bly ’n voorreg om die Drakensberger Beestelersgenootskap te dien en ek sien uit daarna om saam met die Raad en ons lede voort te bou op die uitstekende grondslag wat reeds gevestig is.

## 5. Komitees

### 5.1 Finansies

Die finansiele stand van die Genootskap se geldsake is vervat in die finansiele state, tot insae vir alle belangstellendes. Dit weerspieel streng finansiele dissipline en is n taak wat groot verantwoordelikheid verg. Die beginsel word gehandhaaf dat daar volgens n begroting gehandel word en dat geen geld spandeer word wat nie reeds in die besit van die Genootskap is nie. Die Die finansiële toesig is toegewys aan Willie Landman, Henk Delport en JP Theunissen, wat die verantwoordelikheid besef om met al die lede se geld te handel. n Taak wat uiters bekwaam deurgevoer word.

### 5.2 Tegnies

Met Dr. Liesel Foster se kennis, ondervinding en kollegiale kommunikasie met persone (professore, wetenskaplikes en navorsers) handhaaf sy die betrokkenheid en bly sy op hoogte van vordering met navorsing wat die Drakensberger behels. Voorwaar n uitdaging wanneer verskilllende instansies apart funksioneer met n gesamentlike doel.

Belangrike aspekte wat deur die afgelope jaar aandag geniet het, is die volgende:

### 5.2.1 Hulpstamboek A bulle

Die praktiese toepassing word deurgaans evalueeer om die effektiwiteit van die besluit en die tevredenheid van die meerderheid lede te bepaal. Voorstelle vir verbetering word verwelkomDie Raad het gedurende die verslagjaar voortgegaan met die proses om duidelike en wetenskaplik gefundeerde riglyne vir die aanvaarding, gebruik en bemarking van Hulpstamboek A-bulle daar te stel. Hierdie proses het sy oorsprong gehad in 'n opdrag wat tydens die Algemene Jaarvergadering van 2021 aan die Raad gegee is.

Na uitgebreide konsultasie met kundiges, asook die oorweging van genomiese en prestasiedata, is hersiene kriteria gedurende Februarie 2025 goedgekeur. Die nuwe vereistes plaas groter klem op die gebruik van genomiese evaluasies, minimum keuringsvereistes en bewese prestasie voordat bulle op amptelike veilings aangebied mag word.

Die implementering van hierdie maatreëls vorm deel van die Genootskap se verbintenis tot rasintegriteit, genetiese vooruitgang en die handhawing van die hoë standaarde waarvoor die Drakensbergerras bekend is. Die Raad is oortuig dat hierdie besluit die langtermyn volhoubaarheid en genetiese gehalte van die ras verder sal versterk.

Die nuwe vereistes sal vanaf 1 Januarie 2026 ten volle in werking tree, met oorgangsmaatreëls wat gedurende 2025 van toepassing is.

Belangrike aspekte wat deur die afgelope jaar aandag geniet het, is die volgende:

Die kriteria soos dit tans daar uitsien, is as volg:

**5.2.1 A** Visuele punt behaal, soos bepaal deur n senior keurder, 80% of meer.

**5.2.1 B** Genetiese suiwerheid van 87,5 % of meer.

**5.2.1 C** Die dier mag nie nt821 positief getoets wees nie.

## 5.2.2 Ehlers Danlos-sindroom

Genootskap inisieerde navorsing is tans aan die gang en fokus op die genomiese evaluasie van Ehlers Danlos sindroom soos gevind in Suid Afrikaanse Drakensberger beeste.
Die studie word gedoen deur WM Mabuza met studieleiers Prof E.D. Casson en Dr R. Erasmus verbonde aan die Universiteit van die Vrystaat.

Die doel van die studie is die evaluasie van kliniese fenotipes en bepaling van genetiese meganismes betrokke en veroorsakend van Ehlers Danlos in die Drakensberger beesras.

## 5.2.3 BGP 2 Projek

1. Die doel van die projek is as volg:
   a) Om 'n bydrae te lewer tot die kapasiteit van genomiese toetsing in Suid Afrika
   b) Verskaf 'n meer koste effektiewe prys vir genotipering in Suid Afrika
   c) Dit is 'n verbetering op die vorige DNA ontleding vir bepaling van ouerskap deur die gebruik van meer relevante genomiese tegnologie.
   d) Die daarstel van verwysings populasies vir rasse wat nog nie 'GEBV' benut nie.
   e) Bevoordeling van opkomende boere om meer spoedig, deur die gebruik van genomiese tegnologie, die korrekte genetika te bekom.

2. Deelname aan die studie:

- Jaar 1 - 700 genetiese bronne ingestuur, meer as die verwagte allokasie.
- Jaar 2 - 275 uit n allokeerde 460 genetiese bronne is ingestuur (60% deelname)
- Jaar 3-40 uit n allokeerde 460 genetiese bronne is ingestuur. (9% deelname)

178 van die genomiese ontledings is reeds op die Logix sisteem ingelees.

Kostes: R549.00 per ontleding vir die eienaar.

TIA subsidie: R420.00

SA Stamboek subsidie: R 111.00

Totaal: R1080.00 per ontleding

Die implementering van die genomiese resultate is nuut en vreemd, voorts het daar voorstelle vanaf die raad gekom en veranderinge aan skedule B (4) is aangebring. Die vraag wat logies ontstaan is wanneer dit geimplementeer moet word? Verdere bespreking is nodig.

### 5.2.4 Navorsing voltooi:

Assessment of copy number variations in South African Drakensberger cattle using single nucleotide polymorphisms.

Mpho Frans Digashoa MSc (Agric )Animal Science

## 5.3 Bemarking

Die bemarking van die Drakensberger ras verg baie dinkwerk, tyd en aandag en nuwe idees en konsepte word toegepas, met n begroting wat spesifiek daarvoor allokeer word. ‘n Fisiese bemarkingsvergadering word een keer ‘n jaar gehou en deurlopende bewustheid van die Drakensbergers word sodanig geskep. Die Bemarkingskomitee vergader weekliks, elke Woensdag, via Zoom om bemarkingsaktiwiteite te beplan, te koördineer en die Drakensbergerras doeltreffend te bevorder.

***Rasbevordering***

Rasbevordering fokus hoofsaaklik op die deurlopende bemarking van die ras. Deur die jaar word verskeie aktiwiteite gereël om die ras te bevorder. Alhoewel elektroniese media 'n groot rol speel in die bemarking, is daar steeds plek vir gedrukte media en persoonlike bemarking.

Die bemarkingskomitee bestaan uit:

- Henk Delport
- Jean van der Merwe
- Willie Landman
- Melissa Blom
- Werner Krynauw
- Fransa Vorster (bemarkingkonsultant).

Die bemarkingspan hanteer die volgende sake:

1. Dagboek en Jaarbeplanner
2. Elektroniese nuusbrief
3. Sosiale media (Facebook, Instagram en YouTube)
4. Kommunikasiegroepe (WhatsApp & Telegram)
5. Nampo
6. Bemarkingsmateriaal
7. Klankopnames
8. Kuddedink, AJV, Raadsvergadering en Dinee
9. Webblad
10. Handleiding

**Dagboek en Jaarbeplanner**

Die dagboek en jaarbeplanner is ‘n baie belangrike hulpbron vir elke Drakensbergerboer. Die dagboek bevat datums van veilings, kontakbesonderhede en ander belangrike inligting. Elke maand word geborg en die advertensie word ook op sosiale media geplaas. Hierdie advertensies word jaarliks by die Nasionale Veiling opgeveil.



1. **Elektroniese nuusbrief**

Die elektroniese nuusbrief word maandeliks uitgestuur aan almal wat op die e-poslys ingeteken is. Enige belangstellendes mag hierop inteken via die webblad. Die nuusbrief word uitgestuur met die opsie om dit in Afrikaans of Engels af te laai. Die maandelikse borg (advertensie soos in die dagboek) word ook prominent in die nuusbrief geplaas. Daar is 675 intekenare op die nuusbrief wat via Mailchimp aangestuur word. Die nuusbrief word ook per WhatsApp en Telegram versprei op die verskillende Drakensberger-groepe.

Die inhoud van die nuusbrief wissel, maar die bemarkingspan fokus op die volgende inhoud:

- Brief van President
- Lief en leed van lede
- Gebeure op die kalender van die genootskap
- Terugvoer van gebeure (met dank aan verskeie skrywers en lede)
- Gesels met 'n boer
- Inligting van stoettelers en voerkraalinligting




2. **Sosiale media**

Weekliks word daar om en by drie plasings gemaak op sosiale media (Facebook en Instagram). Dit is vir die bemarkingspan belangrik om 'n verskeidenheid plasings te maak, onder ander:

- Algemene plasings
- Kennisgewings oor veilings
- Waarde van die Genootskap
- Bevordering van die ras
- Feite van die ras
- Voerkraal en speenkalf feite
- Gesels met 'n boer



Albei sosiale media platforms het 'n gesonde groei getoon:

- Facebook volgelinge het gegroei van 5208 (Mei 2025) tot 5837 (Mei 2026). (12.1%)

- Instagram volgelinge het gegroei van 1327 (Mei 2025) tot 1514 (Mei 2026). (14.2%)

Die maandelikse borg (advertensie soos in die dagboek) word teen R500 geadverteer op albei platforms. 'n Paar maande se statistieke is gebruik om die volgende te bepaal. Een advertensie het tot gevolg gehad dat:

- 37 mense die Drakensberger Genootskap Facebook bladsy volg
- 374 mense die Facebook bladsy besoek het
- Die advertensie het 16 883 unieke kykers gehad
- Die advertensie is 33 168 vertoon

Op YouTube is daar 186 intekenare en die kanaal het omtrent 60 videos. Tydens 2025 se Kuddedink is die gesprek van PJ Budler opgeneem, en dit is op ons YouTube kanaal beskikbaar gestel as 18 kort videos. Die kykerstal vir hierdie videos is gemiddeld 213 kykers per video.

**3. Kommunikasiegroepe (WhatsApp & Telegram)**

Op WhatsApp en Telegram word gereeld inligting deurgegee. Meer as 400 mense is altesaam ingeteken op hierdie groepe en ontvang inligting soortgelyk aan dit wat op sosiale media versprei word. Daar is onlangs ook 'n groep gestig wat spesifieke Bek en Klouseer inligting versprei, sodat almal op hoogte kan wees van verwikkelinge.


**4. Nampo**

Nampo het plaasgevind tydens 12 tot 15 Mei. As gevolg van Bek en Klouseer kon ons ongelukkig geen diere by hierdie jaar se stalletjie hê nie. Dit het 'n duidelike uitwerking op die getalle gehad in die Beessaal. Dit was egter steeds 'n goeie geleentheid om bewusmaking van ons ras te kweek. Daar is voete gelok na ons stalletjie deur 'n kompetisie te loods waar mense die gewig moes raai van 'n koei en kalf (gewys op 'n video). 78 Inskrywings is ontvang. Verskeie pamflette is beskikbaar gestel aan belangstellendes – spesifiek ook 'n blaadjie vir skoolkinders wat Drakensbergers op 'n basiese vlak verduidelik. Baie dankie aan die Bemarkingspan, veral Pieter Esterhuizen en Henk Delport, die Raadslede, Petrus Taljaard en sy vrou Emmerencia en Melissa Blom wat 'n groot werk by die stalletjie verrig het. Dankie ook aan Marko Grobler, Jan-Louis Wessels en sy vrou Tharina vir hulle bemanning van die stalletjie. Julle het uitstekende werk gedoen. 'n Spesiale dank aan Willie Landman, Jean van der Merwe en JP Theunissen, wat as raadslede ook gereeld hand bygesit en ondersteuning gebied het tydens verskeie bemarkingsaktiwiteite gedurende die jaar.

**5. Bemarkingsmateriaal**




By Nampo is daar altyd 'n groot hoeveelheid skoolkinders wat inligting vir take insamel. Alhoewel alle bemarkingsmateriaal tot hul beskikking is, het ons bemarkingspan 'n spesiale blaadjie gemaak vir skoliere met basiese inligting. Dit was ook vir ons belangrik om kostes te bespaar met die drukwerk, en daarom is die ontwerp slegs in swart en wit.




Ons het ook 'n algemene inligtingsblaadjie gemaak vir Boeredae, waar daar dalk verskillende rasse is en party mense nie die basiese inligting oor Drakensbergers het nie.

**6. Artikel in Farmer's Weekly**

'n Welkome en uiters korrekte, goed geskryfde artikel het in die tydskrif verskyn wat die geskiedenis van die Drakensberger uiteensit. Me. Annelie Coleman is die skrywer. Die video wat Me. A. Coleman tydens NAMPO van Mnr. W. Landman geneem het, het meer as 3 300 kyke, 34 hou-van's en 7 delings behaal

**7. Advertensieborde**

As deel van die Genootskap se voortgesette bemarkingsinisiatiewe is nuwe advertensieborde vir die Noordwes Klub vervaardig. Die Genootskap het die koste van die projek gedra om die klub te ondersteun en die sigbaarheid van die Drakensbergerras in die streek te bevorder. Altesaam 9 advertensieborde is bestel en op strategiese plekke aangebring. Hierdie inisiatief sal bydra tot groter blootstelling van die ras en versterkte bemarking op plaaslike vlak.

### 5.2.4 Jongboer komitee

Die Drakensberger Jongboer-groep is gestig met die doel om jong Drakensbergerboere bymekaar te bring, hul behoeftes te identifiseer en as spreekbuis vir die jonger generasie binne die ras op te tree. Die groep fokus daarop om uitdagings rondom die beskikbaarheid en gebruik van goeie teelmateriaal aan te spreek, sodat jong telers toegang kan hê tot kwaliteit genetika en volhoubare vooruitgang binne hul kuddes kan verseker. Verder streef die groep daarna om die Drakensbergerras aktief onder

jongmense te bevorder, nuwe lede en telers te werf en sodoende die toekoms en groei van die ras te versterk.

JP Theunissen dien tans as die verteenwoordiger van die Jongboer-groep op die Raad. Die mikpunt is ook om jongboer-komiteelede in die verskillende streke te identifiseer, sodat die groep beter verteenwoordig kan word en jong boere se behoeftes en uitdagings meer effektief aangespreek kan word.

## 6. Keurdersopleiding en opknappingskursus en keuring

Groot verantwoordelikheid word toevertrou aan die raadslid verbonde met keuring, wat dikwels beplanning en opoffering verg om lede se versoeke te akkommodeer. Die jaar 2025/2026 het uitermate ontwrigting veroorsaak en die normale keuringstoere kon nie plaasvind nie. Die aanvanklike onsekerheid rondom die moontlike tempo van verspreiding en die impak wat Bek en Klouseer op die bedryf en die normale verloop van die ras sou he, was aan almal onbekend.

Die besluit was geneem om die keurings in streke te laat plaasvind, met die gedagte om nie verskillende stamme van die virus tussen kuddes in verskillende provinsies en streke te versprei nie. Daar is in n mate daarmee geslaag.

## 7. Inligtingsdae en ander aktiwiteite:

### 7.1 Nasionale veiling

Elke jaar trek Drakensberger-entoesiaste saam vir ‘n onvergeetlike ervaring, en hierdie jaar was nie anders nie. Op 18 en 19 Junie 2025 was daar weer ‘n byeenkoms vir die Nasionale Veiling by die Afridome in Parys. Woensdag se verrigtinge is afgeskop met die sifting van al die diere wat op die Donderdag aan die veiling sou deelneem deur ons drie beskermhere: Pikkie Uys, Johann Fourie en Fanie van Dyk. Hierna het lede vergader tydens die Algemene Jaarvergadering.

Die middag se Kuddedink was ‘n hoogtepunt op die agenda, want PJ Budler het almal toegespreek met die fokus op funksionele doeltreffende diere. Die gesprek is afgesluit met praktiese toeligting deur na spesifieke diere by die veiling te kyk. Hierdie sessie was baie insiggewend en leersaam. Die sessie is

beskikbaar op FarmTalk se YouTube kanaal. Die dag is afgesluit met ‘n dinee waarby heerlike kos en geselskap die hoogtepunte was. Die dagboekadvertensies is opgeveil, en verskeie trofees is by die geleentheid ook uitgedeel.

Die Drakensberger Nasionale Veiling van 2025 was sonder twyfel ’n uitstaande sukses en ’n hoogtepunt op die Genootskap se jaarprogram. Die geleentheid is gekenmerk deur uitstekende deelname, ’n besondere gees van samehorigheid onder lede en sterk belangstelling vanuit die bedryf. Die professionele voorbereiding en aanbieding deur Vleissentraal het daartoe bygedra dat die veiling vlot en suksesvol verloop het.

‘n Groot hoogtepunt was die verkoop van Frik & Gawie Roux (Rouvus) se stoetbul wat teen R250 000 verkoop is. Jan Louis Wessels van Patrysvlug was die aankoper. Hierdie was ook die hoogste prys wat op die veiling behaal is.

Semenstrooitjies teen R2000.00 stuk was een van die nuwe rekords wat opgestel is. Pikkie Uys was die verkoper en die aankopers was Jean van der Merwe en Willie Landman van Black Hills.

Die duurste 3-in-1 koei-en-kalf-kombinasie op die veiling was PU 210063, aangebied deur Pikkie Uys. Die koei, saam met haar verskalf PU 240154, is vir R75 000 verkoop. Die suksesvolle kopers was Xander Gunter en sy verloofde, Simonne Joubert. Hierdie uitstekende prys beklemtoon die waarde van kwaliteit Drakensberger-genetika en die voortdurende aanvraag na funksionele, winsgewende teeldiere.

’n Nuwe Suid-Afrikaanse rekordprys vir ’n oop vers is op die veiling behaal toe HN 230078 vir R62 000 verkoop is.

Die vers is aangebied deur Rodney Neuman (Neuman Broers), terwyl André en Juffie van Dyk (Van Dyk Drakensbergers) die suksesvolle kopers was.

Hierdie uitsonderlike prestasie weerspieël die hoë gehalte van Drakensberger-genetika en die sterk vertroue wat telers in die ras se toekoms en winsgewendheid het.

Die dag is afgesluit deur verder saam te kuier om ‘n ‘steak ete’, waarna almal terug is huis toe.





## 7.2 Vrystaat Studiegroep

As gevolg van die uitdagings wat deur die Bek-en-Klouseer-uitbreking veroorsaak is, kon die Vrystaat Studiegroep ongelukkig nie gedurende die afgelope jaar ’n studiegroepdag aanbied nie.

Die groep sien egter daarna uit om hierdie waardevolle geleentheid weer aan te bied, met die volgende studiegroepdag wat geskeduleer is vir die tweede Saterdag van Februarie 2027. Ons vertrou dat telers weer in groot getalle sal deelneem en voordeel sal trek uit die kennisdeling en netwerkgeleenthede wat die dag bied.

## 7.3 Reitz konferensie 2026

Die Reitz Landbouskou het vanjaar ’n effens ander formaat aangeneem, aangesien geen beesafdeling deel van die skouprogram gevorm het nie. Ten spyte hiervan het die Drakensberger Beestelersgenootskap steeds sy ondersteuning aan hierdie gevestigde landbougeleentheid gebied.

Mnr. Henk Delport was teenwoordig om behulpsaam te wees met die opstelling en verteenwoordiging van die Genootskap, terwyl Mnr. P.W.B. (Pikkie) Uys die geleentheid benut het om ’n insiggewende praatjie namens die Drakensbergergenootskap aan te bied. Sy bydrae het opnuut die waarde van die Drakensbergerras en die rol van die Genootskap binne die Suid-Afrikaanse beesbedryf beklemtoon.



Hoewel die Genootskap se betrokkenheid vanjaar hoofsaaklik in die vorm van borgskap was, bly dit vir ons belangrik om landbou-inisiatiewe en geleenthede wat produsente, telers en die breër landbougemeenskap byeenbring, te ondersteun. Sulke geleenthede skep waardevolle platforms vir kennisdeling, netwerkvorming en die bevordering van volhoubare landboupraktyke.

Die Raad spreek sy waardering uit teenoor almal wat die Drakensbergergenootskap by die geleentheid verteenwoordig het en sodoende bygedra het om die sigbaarheid en beeld van die ras verder uit te bou.

## 7.4 Winton Boeredag

Ook in die Kalahari en Malopo is die bekommernis oor BKS ervaar en het dit implikasies gehad. Die inligtingsdag is voorlopig kanselleer en n alternatiewe datum, waarskynlik in September, word oorweeg. Die staatmaker, Werner Vermeulen, herstel van chirurgie en handhaaf die status qou, sy toewyding en lojaliteit teenoor die ras is prysenswaardig. Sterkte Werner, Renelde en kinders.

## 7.5 Nampo 2026

Die Genootskap spreek sy opregte waardering uit teenoor almal wat 'n bydrae gelewer het tot die beplanning, reëlings en suksesvolle aanbieding van hierdie geleentheid.

Volledige terugvoer oor die Genootskap se betrokkenheid by NAMPO word onder Punt 5.3.4 van hierdie verslag uiteengesit.

## 7.6 Excelsior Somergraan Studiegroep

Die Excelsior Boeredag is vanjaar vir die 17de keer aangebied. Ten spyte van die nat toestande wat die oesdag voorafgegaan het, het ongeveer 300 boere die geleentheid bygewoon. Altesaam 50 uitstallers was teenwoordig, waarvan die Drakensberger die enigste beesras was wat uitgestal is. Die dag was 15 April 2026 aangebied.



Dit was vir die Genootskap 'n voorreg om die ras by hierdie gewilde landbougeleentheid te kon verteenwoordig en bemark. Die dag het uitstekende blootstelling aan die Drakensbergerras gebied en waardevolle gesprekke met produsente moontlik gemaak.

'n Hoogtepunt van die dag was die kompetisie waar deelnemers die lewende gewig van 'n A-graad Drakensbergerbul moes voorspel. Die bul het 'n indrukwekkende 620 kg geweeg, wat baie besoekers verras het. Hierdie prestasie het weereens die uitstekende groei- en produksievermoë van die Drakensbergerras beklemtoon en gewys dat die ras dikwels beter presteer as wat baie mense verwag.

Die Genootskap spreek sy opregte dank uit aan Jan-Louis en Tharina Wessels, asook Henk Delport, vir hul betrokkenheid, ondersteuning en moeite om die Drakensbergerras tydens hierdie geleentheid te bevorder. Julle bydrae word opreg waardeer.

## 7.7 Luneburg Duitse Braai

Die Drakensbergergenootskap is vanjaar uitgenooi om deel te neem aan die Matunjane Braai, die grootste skaapderm-braai in Suid-Afrika. Ongeveer 800 mense het die geleentheid bygewoon.

Johan, Hilda, Ruben en Xanda Schutte, saam met Udo Beneke, het die Genootskap trots verteenwoordig deur ’n unieke Drakensberger “Fillet & Beenmurg”-potjie voor te berei. Die Genootskap het die geleentheid ondersteun deur ’n borgskap van R2 500 te maak. Met die Drakensberger-gazebo en bemarkingsmateriaal prominent vertoon, het die ras uitstekende blootstelling onder die publiek geniet.

Ons spreek ons opregte dank uit aan Johan, Hilda, Ruben, Xanda en Udo, asook aan almal wat bygedra het tot die suksesvolle aanbieding en bevordering van die Drakensbergerras tydens hierdie geleentheid.



## 7.8 Morgenson



Die Morgenson Naskoolse Landboustudente het ’n praktiese opleidingskursus in vriesbrandmerk-tegnieke by mnr. Petrus Taljaard bygewoon. Die kursus het waardevolle praktiese blootstelling aan hierdie identifikasiemetode gebied. Daar word ook met groot belangstelling uitgesien daarna om hierdie innoverende vriesbrandmerk-patent tydens NAMPO van 2027 van nader te besigtig.

# 8. Klub aktiwiteite

## 8.1 OTDK Klub Verslag

Die nuwe OTDK raad is verkies:

- Voorsitter - Pierre Uys
- Onder Voorsitter - Werner Krynauw
- Bestuur – Pikkie Uys
- Bestuur - André van Dyk
- Bestuur - Carel Hancke

***Gebeurtenisse:***

- Oos-Transvaal Alleras Ram- en Bulveiling
- Op 23 Julie 2025 vind die OT Alleras veiling plaas in Ermelo.
- Die OTDK bied 5 bulle aan op die veiling waarvan 3 verkoop.
- Die Drakensbergers se gemiddelde prys was R50 000 en die duurste Drakensberger bul het aan Werner Krynauw behoort en is verkoop vir R70 000.

***Talman en Calela Veiling***

- Op 19 Augustus 2025 bied Petrus Taljaard van Talman Boerdery en Jannie Jacobsz van Calela Boerdey hulle 1ste gesamentlike produksie bulveiling aan.
- Daar word 22 bulle aangebied op die veiling waarvan al 22 verkoop word.
- Talman se duurste bul word verkoop vir R95 000
- Calela se duurste bul word verkoop vir R120 000
- Die gemiddeld vir die veiling was R60 000

***Lede Prestasies:***

- Talman en Calela hou hulle eerste gesamentlike produksie veiling
- By die Nasionale veiling behaal PWB Uys Boerdery 'n nuwe ras rekord met hul semen strooitjies wat vir R2000.00 per strooitjie verkoop word aan Black Hills.
  Ook:
- Beste TKP vir kudde meer as 200 koeie gekalf

- Beste Ouderdom van Eerste Kalf vir kudde meer as 200 koeie gekalf.

***Uitdagings:***

BKS het 'n groot bekommernis by al ons telers geskep en dit het onsekerheid gelaat oor hoe die jaar gaan uitdraai wat veilings aanbetref. Met baie genade is dit bevestig dat die jaarlikse veilings van ons verskeie klub lede sal voortgaan asook die Oos Transvaal Alleras Ram- en Bulveiling.

- 27 Mei - Buffalo Valley Veiling
- 22 Julie - Oos Transvaal Alleras Veiling
- 12 Augustus - Talman en Calela Veiling

## 8.2 Noordwes Drakensberger Klub

Die Noordwes Drakensberger Klub rapporteer met trots dat die klub in op 5 November 2025 offisieel weer tot stand gekom het en sedertdien 'n aktiewe en produktiewe jaar beleef het. Hierdie tydperk is gekenmerk deur uitstekende samewerking tussen lede, asook 'n doelgerigte fokus op effektiewe kommunikasie en bemarking.

### Bestuursverkiesing

| | |
|---|---|
| • **Voorsitter**: | Dr Sampie Smith |
| • **Ondervoorsitter:** | Pieter Jan Pienaar |
| • **Sekretaresse / Finansies** | Nelmarie van Staden |
| • **Bemarking** | Pieter Jan Pienaar/Nelmarie van Staden |
| • **Lede** | Dr Sampie Smith |
| | Dr Johann Fourie |
| | Piet de Villiers |
| | Tertuis Nell |
| | Nelmarie van Staden |
| | Christo van den Bergh |
| | Henk Delport |
| | Pieter Esterhuizen |
| | Pieter Jan Pienaar |
| | Dr Murabi Tshenkeng |

**1. Kommunikasie en Ledebetrokkenheid**

Gedurende die jaar is daar gefokus op gereelde en duidelike kommunikasie met ons lede. Twee nuusbriewe is reeds suksesvol uitgestuur, met ’n derde uitgawe tans in voorbereiding. Hierdie nuusbriewe dien as ’n belangrike platform om lede op hoogte te hou van klubaktiwiteite, bedryfsnuus en geleenthede.

Ons Facebook-blad is baie aktief en dien as ’n waardevolle platform waar puik gehalte diere gereeld geadverteer word. Die blad geniet sterk ondersteuning en het reeds ’n aansienlike en groeiende groep volgelinge opgebou, wat bydra tot groter sigbaarheid en bemarking van ons lede se diere.

**2. Bemarking en Voorbereiding vir Klubveiling**

’n Groot deel van die klub se energie en fokus was gerig op die beplanning en bemarking van ons komende klubveiling. Daar is doelbewus gewerk om die gehalte van diere, deelname van telers en sigbaarheid van die geleentheid te versterk.

**3. Klubveiling – 3 September 2026**

Die hoogtepunt van ons jaar is ongetwyfeld die komende klubveiling wat op **3 September 2026** plaasvind. Daar is reeds ’n groot mate van opgewondenheid onder lede en belanghebbendes.

Die veiling sal ’n keur van **stoet en kommersiële Drakensberger diere** aanbied, met spesifieke fokus op kwaliteit bulle. Noordwes is bekend vir sy sterk genetika en geharde diere, en hierdie veiling bied ’n uitstekende geleentheid vir kopers om toegang te kry tot topgehalte swart Drakensberger beeste.

Voorbereidings vir die veiling vorder baie goed, en ons verwag ’n suksesvolle en goed bygewoonde geleentheid wat die klub en sy lede se standaarde weerspieël.

**4. Slot**

Die klub bly verbind tot die bevordering van die Drakensberger ras en die ondersteuning van sy lede. Ons sien uit na ’n suksesvolle afronding van die jaar, veral met die klubveiling as hoogtepunt.

## 8.3 6+ Klub Verslag

Ten spyte van die feit dat 6+ verlede September nie n baie goeie veiling gehad het nie weet ons nog steeds dat daar geen beter Beesras is waarmee mens kan boer nie.   En dit word eenvoudig bevestig met

kalfpersentasies en speengewigte. Dit is immers waarmee kommersieële [en ook Stoetboere] boere hulle inkomste genereer. En dit is waarom ons 6+ manne so positief bly teenoor die Drakensberger met kalfpersentasies van gemaklik bo 90% en kalwers wat tot 300kg speen.

Die Bek en Klou situasie het aktiwiteite in die kiem gesmoor. Tog dryf Hendrina en Janike ons bemarking op beperkte skaal weens die onsekerheid oor ons Veiling. Ons het intussen besluit om normaalweg voort te gaan met ons beplanning asof ons Veiling wel gaan plaasvind. Ons is in gesprek met staatsveeartse vir die verkryging van entstof vir veiling diere al is ons gebied nog skoon sodat ons veiling kan realiseer. Ons datums vir Vrugbaarheids - en Trich toetse is reeds in plek.

Ons is ook trots op hoogtepunte binne ons groep. Fanie van Dyk se Bul FD2316 was aangewys om die Ras in die Stamboek/Vleissentraal Interras Prestasieklas tydens Bloemskou te verteenwoordig, en verseker 'n voortreflike bul in alle opsigte. Met sy treffende manlikheid, goeie lengte en besonderse breedte op goeie bene het hy regtig die potensiaal om daardie klas te kon wen

En dan word Freddie Wasserfall vereer met die Stamboek Presidents toekenning. 'n Eer en 'n voorreg. En ons 6+sers is saam met hom trots daarop.

So, in stilte gebeur goeie dinge hier in ons 6+ groepie wat die Drakensberger Ras in die kollig hou.

## 9. Keurings terugvoer

Ten spyte van die uitdagings wat die uitbreking van Bek-en-Klouseer gedurende die jaar vir die beesbedryf ingehou het, kan ons as Genootskap dankbaar wees dat ons steeds daarin geslaag het om met ons keuringsprogram voort te gaan. Hoewel sekere logistieke uitdagings ervaar is en aanpassings gemaak moes word, het telers, keurders en personeel uitstekend saamgewerk om die keuringsproses so doeltreffend moontlik te laat verloop.

Die volgehoue deelname van telers en die toewyding van almal betrokke het verseker dat die hoë standaarde van die Drakensbergerras gehandhaaf word. Hierdie prestasie getuig van die veerkragtigheid van ons telers en die vasberadenheid van die Genootskap om, selfs onder moeilike omstandighede, voort te gaan om die ras te bevorder en te verbeter.

Die volgende senior keurders is verantwoordelik vir hul onderskeie gebiede:

- Sentraal: Vrystaat: Carel Nel & Fanie van Dyk
- Oos-Vrystaat: Bertus Nel, Rodney Neuman & Louis Botha
- Plato: Petrus Taljaard
- Noordwes & Gauteng: Piet de Villiers
- Vrystaat: Jean van der Merwe
- Karoo & Kaap: Liesel Foster
- KwaZulu-Natal: Pikkie Uys
- Mpumalanga: Udo Beneke, Callie & Willie Watermeyer
- Noord-Kaap & Namibië: Johann Fourie & Udo Beneke

## 9.1 Terugvoer van die Gauteng-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Piet de Villiers
- Junior keurder: Monja Estherhuizen
- Leerder keurder: Nelmarie van Staden & Christo van der Bergh

Getalle:

- Aantal diere gesien: 28
- Aantal diere goedgekeur: 21
- Aantal diere afgekeur: 7
- Eerste Aanvaardings aangebied: 2
- Eerste Aanvaardings goedgekeur: 2

## 9.2. Terugvoer van die KwaZulu-Natal-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Pikkie Uys

Getalle:

- Aantal diere gesien: 85
- Aantal diere goedgekeur: 53
- Aantal diere afgekeur: 32

## 9.3 Terugvoer van die Mpumalanga-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Udo Beneke, Willie Watermeyer & Callie Watermeyer
- Leerder keurder: Marko Grobler, JP Louw, Hendrik Hancke

Getalle:

- Aantal diere gesien: 140
- Aantal diere goedgekeur: 115
- Aantal diere afgekeur: 25
- Eerste Aanvaardings aangebied: 32
- Eerste Aanvaardings goedgekeur: 25
- Eerste Aanvaardings afgekeur: 7

## 9.4. Terugvoer van die Noord-Kaap & Namibië-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Dr. Johann Fourie & Udo Beneke

Getalle:

- Aantal diere gesien: 214
- Aantal diere goedgekeur: 188
- Aantal diere afgekeur: 26
- Eerste Aanvaardings aangebied: 21
- Eerste Aanvaardings goedgekeur: 21

## 9.5 Terugvoer van die Oos-Vrystaat-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Bertus Nel, Louis Botha & Rodney Neuman

Getalle:

- Aantal diere gesien: 199
- Aantal diere goedgekeur: 171
- Aantal diere afgekeur: 28
- Eerste Aanvaardings aangebied: 62
- Eerste Aanvaardings goedgekeur: 38
- Eerste Aanvaardings afgekeur: 24

## 9.6. Terugvoer van die Noord-Wes-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Piet de villiers
- Junior keurder: Monja Estherhuizen
- Leerder keurder: Nelmarie van Staden & Christo van der Bergh

Getalle:

- Aantal diere gesien: 45
- Aantal diere goedgekeur: 40
- Aantal diere afgekeur: 5

## 9.7 Terugvoer van die Plato-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Petrus Taljaard
- Leerder keurders: Heindrich Roos

Getalle:

- Aantal diere gesien: 189
- Aantal diere goedgekeur: 140
- Aantal diere afgekeur: 49
- Eerste Aanvaardings aangebied: 33
- Eerste Aanvaarding goedgekeur: 33

## 9.8 Terugvoer van die Sentraal Vrystaat-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Carel Nel, Fanie van Dyk
- Junior keurder: Monja Estherhuizen

Getalle:

- Aantal diere gesien: 188
- Aantal diere goedgekeur: 153
- Aantal diere afgekeur: 35
- Eerste Aanvaardings aangebied: 1
- Eerste Aanvaarding goedgekeur: 1

## 9.9. Terugvoer van die Vrystaat-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Jean van der Merwe
- Junior keurder: Neville Hobbs

Getalle:

- Aantal diere gesien: 97
- Aantal diere goedgekeur: 83
- Aantal diere afgekeur: 14

## 9.10. Terugvoer van die Karoo & Kaap-distrik/-keurings:

- Senior keurder: Liesel Foster & Grant Naude
- Junior keurder: Neels Wilken

Getalle:

- Aantal diere gesien: 127
- Aantal diere goedgekeur: 101
- Aantal diere afgekeur: 26
- Eerste Aanvaardings aangebied: 3
- Eerste Aanvaarding goedgekeur: 3

## 9.11 Toeropsomming

***Bulle***

- Gesien: 255
- Goedgekeur: 168
- Afgekeur: 87

***Verse***

- Gesien: 1057
- Goedgekeur: 897
- Afgekeur: 160
- Eerste aanvaarding gesien: 154
- Goedgekeur: 123

## 9.12 Spesiale keurings

***Bulle gesien: 455***

- Goedgekeur: 252
- Afgekeur: 191

***Verse gesien: 151***

- Goedgekeur: 136
- Afgekeur: 15

Vanjaar is daar 6356.06km gery op die jaarlikse toere, teen ’n koste van R31 474.06.

| **Totale Keurings** | **2020** | **2021** | **2022** | **2023** | **2024** | **2025** | **2026** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bulle** | 560 | 623 | 615 | 537 | 768 | 607 | **710** |
| **Verse** | 1142 | 1185 | 1129 | 1383 | 1434 | 1071 | **1137** |
| **Eerste Aanvaardings** | 286 | 611 | 327 | 503 | 194 | 338 | **225** |
| **Totaal gekeur** | 1988 | 2419 | 2071 | 2423 | 2396 | 2016 | **1617** |
| **Totaal gesien** | 2509 | 3268 | 2637 | 2966 | 2851 | 2738 | **2072** |



## 10. Ondersteuningsdienste aan nuwe telers

Dit is altyd ’n besondere voorreg om nuwe telers tot die Drakensberger Beestelersgenootskap te verwelkom. Die toetrede van nuwe lede dra nie alleen by tot die groei en volhoubaarheid van die Genootskap nie, maar bevestig ook die toenemende vertroue in die Drakensbergerras as winsgewende en funksionele vleisbeesras.

Gedurende die verslagjaar het ons die volgende nuwe lede met trots verwelkom:

- Quinton van Oudtshoorn (Smokey Mountain) van Machadodorp
- Xander Gunter (Gunner Drakensbergers) van Leslie

Nuwe kommersiele lid:

- Andries Cornelius (Leeuwfontein) van Potchefstroom
- Nico Vermaak van Edenvillie

Die suksesvolle inskakeling van nuwe telers bly 'n belangrike fokus area vir die Genootskap. Om hierdie proses te vergemaklik, tree Magiel Blom as kontakpersoon op en bied hy leiding aan nuwe lede rakende die vereistes en prosesse van stoettelery, registrasies, prestasietoetsing en algemene stoetadministrasie.

Hy speel 'n waardevolle rol om te verseker dat nuwe telers die nodige ondersteuning ontvang om hul kuddes suksesvol binne die raamwerk van die Genootskap te ontwikkel. Hierdie verantwoordelikheid word deur hom met groot toewyding, deeglikheid en professionaliteit vervul, wat bydra tot 'n positiewe ervaring vir nuwe lede en die vestiging van langtermyn betrokkenheid by die Drakensbergerfamilie.

Die Genootskap spreek sy opregte waardering uit teenoor Magiel Blom vir sy bereidwilligheid om sy kennis en ervaring met nuwe telers te deel en sodoende 'n belangrike bydrae tot die groei en ontwikkeling van die ras te lewer.

## 11. Veilings onder beskerming van die DBTG

Die duurste 3-in-1 koei-en-kalf-kombinasie op die veiling is deur Pikkie Uys aangebied en vir R75 000 verkoop. Die kopers was Xander Gunter en sy verloofde, Simonne Joubert.

'n Nuwe Suid-Afrikaanse rekordprys vir oop verse is ook opgestel toe oop verse teen R62 000 per dier verkoop is. Rodney Neuman (Neuman Broers) was die verkoper, terwyl André en Juffie van Dyk (Van Dyk Drakensbergers) die suksesvolle kopers was.

Hierdie uitsonderlike pryse getuig van die sterk aanvraag na kwaliteit Drakensberger-genetika en die vertroue wat telers en kopers steeds in die ras toon.

***<u>Geregistreede Bulle</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| Nasionaal | 14 | 12 | 92 | R100 000.00 | R250 000.00 |
| Rouxvus | 28 | 21 | 75 | R58 715.00 | R90 000.00 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| OTV Ermelo | 5 | 4 | 80 | R46 250.00 | R70 000.00 |
| Kuruman | 1 | 1 | 100 | R35 000.00 | R35 000.00 |
| Neuman Broers | 44 | 40 | 91 | R95 700.00 | R320 000.00 |
| Talman/Calela | 24 | 22 | 92 | R59 545.00 | R120 000.00 |
| SHDK | 23 | 21 | 91 | R67 381.00 | R200 000.00 |
| Black Fox | 23 | 13 | 57 | R55 385.00 | R80 000.00 |
| 6+ | 25 | 19 | 76 | R60 789.00 | R110 000.00 |
| Black Hills | 23 | 23 | 100 | R67917.00 | R140 000.00 |
| **Totaal** | **210** | **176** | **84** | **R72 017.00** | |

***<u>Dragtige Koeie Geregistreerd:</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| Nasionale Veiling | 7 | 2 | 29 | R23 750.00 | R25 000.00 |
| 6+ | 2 | 2 | 100 | R26 000.00 | R27 000.00 |
| **Totaal** | **9** | **4** | **44** | **R24 875.00** | |

***<u>Dragtige Verse Geregistreerd</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| Nasionaal | 5 | 4 | 80 | R26 750.00 | R35 000.00 |
| **Totaal** | **5** | **4** | **80** | | |

***<u>Koeie 3 in 1 Geregistreerd</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| Nasionaal | 4 | 4 | 100 | R47 500.00 | R75 000.00 |
| **Totaal** | **4** | **4** | **100** | | |

***<u>Oop Verse Geregistreerd</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| Nasionaal | 26 | 24 | 92 | R29730.00 | R62 000.00 |
| Rouvus | 5 | 5 | 100 | R17 200.00 | R19 000.00 |
| 6+ | 21 | 20 | 95 | R16 100.00 | R22 000.00 |
| **Totaal** | **52** | **49** | **97** | | |

***<u>Oop Koeie Geregistreerd</u>***

| Veiling | Aanbod | Verkoop | % | Gemiddeld | Hoogste Prys |
|---|---|---|---|---|---|
| 6+ | 11 | 8 | 73 | R23 375 .00 | R28 000.00 |

## 12. Lede en getalle

Telers volgens provinsies:

- Vrystaat – 16 Telers
- Mpumalanga – 15 Telers
- Noordwes – 5 Telers
- Oos-Kaap – 4 Telers
- Gauteng – 3 Telers
- KwaZulu-Natal – 3 Telers
- Noord - Kaap – 3 Telers
- Namibie – 1 Teler

| | 16/17 | 17/18 | 18/19 | 19/20 | 20/21 | 21/22 | 22/23 | 23/24 | 24/25 | 25/26 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Stoetlede | 63 | 64 | 64 | 63 | 62 | 53 | 54 | 55 | 56 | **50** |
| Spesiale en Erelede | 14 | 16 | 15 | 19 | 19 | 17 | 20 | 18 | 19 | **21** |
| **Totaal** | **77** | **80** | **79** | **82** | **81** | **70** | **74** | **73** | **75** | **71** |

Nuwe lede aangesluit:

- Quinton van Oudtshoorn (Smokey Mountain) van Machadodorp
- Xander Gunter (Gunner Drakensbergers) van Leslie

Nuwe kommersiele lid:

- Andries Cornelius (Leeuwfontein) van Potchefstroom
- Nico Vermaak van Edenville

Lede wat bedank het:

- Koos van Niekerk (Kojo Boerdery)
- Pieter van Zyl (MFTN) Vrede
- Francois Weideman (Bloubosput) Reivilo

*Onaktiewe lede verwyder*

- Dr Frik Barnard
- Chatty Lindsey
- Werner Vermeulen




| | 16/17 | 17/18 | 18/19 | 19/20 | 20/21 | 21/22 | 22/23 | 23/24 | 24/25 | 25/26 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Vroulike diere reeds gekalf** | 4 144 | 4 774 | 5 053 | 5 236 | 5 277 | 5 137 | 5 246 | 5 480 | 4 772 | **4 654** |
| **Verse bo 24 maande** | 1 621 | 1 827 | 2 179 | 1 798 | 2 094 | 1 857 | 1 523 | 2 020 | 2 037 | **2 043** |
| **Verse tussen 12 en 24 maande** | 1 351 | 1 572 | 1 682 | 1 607 | 1 709 | 1 756 | 1 738 | 1 717 | 1 739 | **1 645** |
| **Verse onder 12 maande** | 1 486 | 1 509 | 1 576 | 1 768 | 1 817 | 1 886 | 1 933 | 2 144 | 1 550 | **1 538** |
| **Bulle bo 24 maande** | 976 | 1 361 | 1 416 | 1 237 | 1 325 | 1 185 | 1 310 | 1 484 | 1 428 | **1 402** |
| **Bulle 12 tot 24 maande** | 891 | 1 156 | 1 264 | 1 288 | 1 232 | 1 389 | 1 274 | 1 331 | 1 309 | **1 225** |
| **Bulle onder 12 maande** | 1 096 | 1 401 | 1 511 | 1 706 | 1 816 | 1 860 | 1 964 | 2 088 | 1 543 | **1 480** |
| **TOTAAL** | **11 965** | **13 540** | **14 677** | **14 641** | **150 75** | **15 070** | **15 178** | **16 264** | **14 378** | **14 017** |
| **Ouderdom Eerste Kalf** | 34 m | 34 m | 34 m | 33 m | 33 m | 33 m | 33 m | 33 m | 34 m | **34 m** |
| **Tussen Kalf Periode** | 422 | 418 | 417 | 419 | 416 | 416 | 418 | 418 | 415 | **416** |

***Die samestelling van die getalle is:***

| | **Diere** | **%** | **Diere** | **%** |
|---|---|---|---|---|
| | **2025** | **2025** | **2026** | **2026** |
| Hulpstamboek A | 1 609 | 11.5 | 1 692 | 12.1 |
| Hulpstamboek B | 1 595 | 11.4 | 1 573 | 10.8 |
| Fondasie Afdeling | 2 962 | 21.2 | 3 677 | 26.2 |
| Vol Geregistreerd | 7827 | 55.9 | 7 135 | 51 |

## 13. Verspreiding van diere

Uitbreiding na die Wes en Oos Kaap is verblydend en daar is tans Drakensbergers in Fraserburg, Olifantshoek, Deben en Piketberg. Hierdie diere word as kommersiële diere hanteer deur tevrede eienaars.

| Streek | 2019/20 | | 2020/21 | | 2021/22 | | 2022/23 | | 2023/24 | | 2024/25 | | 2025/26 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vrystaat | 5 565 | 38% | 5 728 | 37.5% | 5 836 | 38.7 % | 5 537 | 36.5% | 6 104 | 37.6% | 5 977 | 41.7% | **5 564** | **39.7%** |
| Mpuma-langa | 4 639 | 31.7% | 5 024 | 32 9% | 4 699 | 31.2% | 4 934 | 32.5% | 5 114 | 31.5% | 3 781 | 26.4% | **3 648** | **26.0%** |
| Noord-Wes | 1 168 | 7.9% | 1 569 | 10.3% | 1 888 | 12.5% | 1 794 | 11.8% | 2 267 | 14.0% | 1 982 | 13.8% | **2 247** | **16.0%** |
| KZN | 697 | 4.8% | 784 | 5.1% | 924 | 6.1% | 1 067 | 7.0% | 1 121 | 6.9% | 989 | 6.9% | **1 041** | **7.4%** |
| Gauteng | 592 | 4.1% | 421 | 2.8% | 304 | 2.0% | 228 | 1.5% | 212 | 1.3% | 271 | 193% | **294** | **2.1%** |
| Karoo | 1 291 | 8.8% | 1 266 | 8.3% | 945 | 6.3% | 937 | 6.2% | 721 | 4.4% | 761 | 5.3% | **454** | **3.2%** |
| Noord-Kaap | 290 | 2.0% | 170 | 1.1% | 155 | 1.0% | 171 | 1.1% | 171 | 1.1% | 51 | 0.4% | | **%** |
| Namibië | 399 | 2.7% | 313 | 2.0% | 319 | 2.1% | 373 | 2.5% | 373 | 2.3% | 373 | 2.6% | **327** | **2.3%** |
| Oos-Kaap | | | | | | | 136 | 0.9 | 140 | 0.9% | 147 | 1.0% | **442** | **3.2%** |
| **Totaal** | **14641** | | **15275** | | **15070** | | **15178** | | **16264** | | **14332** | | **14 017** | |

# 14. Toekennings

## 14.1 SA Stamboek Prestasieklas deelname

Vleissentraal / SA Stamboek Nasionale Elite 2026 Bulgroeitoetsklas: ***FD 23 0016***

- MODDERVET BOERDERY EDMS BPK

  BRAKENJAN DRAKENSBERGERS


  Fanie van Dyk



## 14.2 Drakensberger Elite Vleisbees Streekstoekennings 2025

| | |
|---|---|
| ***Platinum*** | Rouxvus (Pty) Ltd |
| ***Dubbel Goud*** | E.J.L. van der Merwe |
| **Goud** | A. van Dyk |
| | Black Hills Drakensbergers |
| | J & E Dhooge |
| | L.A. Neuman |
| | Neuman Broers |
| ***Silwer*** | D.F. du Toit |
| | H.A. Schutte |
| | Infracor Stud Breeders |
| | Van Dyk Broers |
| | W.A. du Randt |
| ***Brons*** | A & E Deacon Trust |
| | C.H. Nel |
| | Delram Boerdery |
| | J.I.V.Z. Naudé |
| | Jesumar Drakensbergers |
| | L.A. Foster |
| | L.C. Botha |
| | M. Esterhuizen |
| | L.J. & W.J. Krynauw |
| | P.J. Taljaard |
| | P.W.B. Uys |
| | Theunissen Drakensbergers |
| ***Meriete*** | Buffalo Valley Farms |
| | J. Fourie |
| | J. Schutte |
| | J.J. Retief |
| | M & M Boerdery (Pty) Ltd |
| | Neusberg Drakensbergers |
| | P.J. Pienaar |
| | S.P. van der Walt |
| | Sambesi |

## 14.3 SA Stamboek Elite Toekennings:




Rouxvus (Pty) Ltd - Mnr GW & FJ Roux - Rouvus:

- SA Stamboek Nasionale Elite 2026 Platinum Vleisbeeskoei: ***GR 130304***
- 2de plek SA Stamboek Nasionale Elite 2026 Stoetkudde van die jaar: Vleisbeeste

Freddie Wasserfall:


- SA Stamboek Presidents toekenning



## 14.4 LNR Toekennings

Baie geluk aan Freddie Wasserfall met die ontvangs van ’n LNR-toekenning vir sy uitstaande Drakensbergerkoei, LL 11 32.

Hierdie besondere koei is reeds 14 jaar oud, het 11 kalwers suksesvol gespeen en spog met ’n indrukwekkende gemiddelde TKP (ICP) van 366 dae. Hierdie prestasie getuig van uitstekende vrugbaarheid, funksionaliteit en langlewendheid – eienskappe wat die Drakensbergerras so waardevol maak.




Ons wens Freddie geluk met hierdie welverdiende erkenning en bedank hom vir sy bydrae tot die bevordering van die ras.

## 14.5 Genootskapstoekennings

### 14.5.1 Beste TKP vir:

**Minder as 400 dae vir kuddes met 25 tot 100 koeie gekalf**

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***LC Botha*** | ***375 dae TKP met 98 koeie gekalf*** |
| | A. van Dyk | 375 dae TKP met 39 koeie gekalf |
| | Nitique Drakensbergers | 376 dae TKP met 33 koeie gekalf |
| | J.I.V.Z. Naudé | 379 dae TKP met 41 koeie gekalf |
| | Theunissen Drakensbergers | 379 dae TKP met 37 koeie gekalf |
| | J.J. Retief | 382 dae TKP met 32 koeie gekalf |
| | W.A. du Randt | 383 dae TKP met 33 koeie gekalf |

| | |
|---|---|
| C.H. Nel | 385 dae TKP met 72 koeie gekalf |
| Buffalo Valley Farms | 397 dae TKP met 82 koeie gekalf |
| E.J.L. van der Merwe | 399 dae TKP met 54 koeie gekalf |

**<u>Minder as 400 dae vir kuddes met 101 tot 200 koeie gekalf</u>**

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***Jesumar Drakensbergers*** | ***370 dae TKP met 114 koeie gekalf*** |
| | Blackhills Drakensbergers | 373 dae TKP met 143 koeie gekalf |
| | Moddervet Boerdery (Pty) Ltd | 384 dae TKP met 118 koeie gekalf |
| | Neuman Broers | 384 dae TKP met 180 koeie gekalf |

**<u>Minder as 400 dae vir kuddes met meer as 200 koeie gekalf</u>**

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***Rouxvus (Pty) Ltd*** | ***375 dae TKP met 201 koeie gekalf*** |
| | P.W.B. Uys | 384 dae TKP met 209 koeie gekalf |
| | L.A. Neuman | 386 dae TKP met 237 koeie gekalf |

### 14.5.2 Beste OEK vir:

***<u>Kuddes met 25 tot 100 koeie gekalf</u>***

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***Theunissen Drakensbergers*** | ***OEK 29 maande oor 37 koeie gekalf*** |
| | Infracor Stud Breeders | OEK 32 maande oor 97 koeie gekalf |
| | D.F. du Toit | OEK 33 maande oor 85 koeie gekalf |
| | Dr. L.A. Foster | OEK 33 maande oor 84 koeie gekalf |
| | J.J. Retief | OEK 33 maande oor 32 koeie gekalf |

***<u>Kuddes met 101 tot 200 koeie gekalf</u>***

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***Sambesi*** | ***OEK 31 maande oor 182 koeie gekalf*** |
| | S.G. Maritz | OEK 31 maande oor 108 koeie gekalf |
| | Moddervet Boerdery (Pty) Ltd | OEK 33 maande oor 118 koeie gekalf |

***<u>Kuddes met meer as 200 koeie gekalf</u>***

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***P.W.B. Uys*** | ***OEK 29 maande oor 209 koeie gekalf*** |

| | |
|---|---|
| Rouxvus (Pty) Ltd | OEK 31 maande oor 201 koeie gekalf |
| Delram | OEK 32 maande oor 226 koeie gekalf |
| Dr. J. Fourie | OEK 32 maande oor 286 koeie gekalf |
| Dr. H.A. Schutte | OEK 33 maande oor 202 koeie gekalf |

**Beste Gekombineerde Speen Teelwaarde:**

| | | |
|---|---|---|
| ***Wenner:*** | ***Rouxvus (Pty) Ltd*** | ***Gekombineerde Speen Teelwaarde: 114 oor 384 kalwers*** |
| | E.J.L van der Merwe | Gekombineerde Speen Teelwaarde 110 oor 98 kalwers |
| | A. van Dyk | Gekombineerde Speen Teelwaarde 110 oor 67 kalwers |
| | Jesumar Drakensbergers | Gekombineerde Speen Teelwaarde 109 oor 271 kalwers |

**Toekenning vir Uitsonderlike Bevordering van die Ras:**

***Wenner:*** ***LA Neuman***

## 15. Kuddes en TKP's

### 15.1 Tussen kalf periodes oor 14 jaar

| Jaar | 2012 | 2013 | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 | 2021 | 2022 | 2023 | 2024 | 2025 | 2026 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **TKP** | 430 | 428 | 427 | 424 | 422 | 422 | 418 | 417 | 419 | 416 | 416 | 418 | 418 | 418 | 416 |

### 15.2 Kuddes en TKP

| | 17/18 | 18/19 | 19/20 | 20/21 | 21/22 | 22/23 | 23/24 | 24/25 | 25/26 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kuddes minder as rasgemiddeld** | 24 | 31 | 28 | 26 | 26 | 28 | 29 | 30 | 30 |
| **Kuddes meer as rasgemiddeld** | 30 | 22 | 25 | 25 | 19 | 21 | 19 | 18 | 18 |

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Kuddes met diere met geen TKP** | 5 | 3 | 4 | 5 | 8 | 5 | 2 | 5 | 2 |

## 16. Spesiale vermeldings

Deur die afgelope jaar is daar nou saamgewerk to voordeel van die Drakensberger ras met die volgende persone:

- Dr. Bobbie vd Westhuizen
- Dr. Helen Theron
- Prof. Errol Casson
- Dr. Roelien Grobler
- Prof. Este van Marle-Köster
- Dr. Simon Lashmar
- J. Redding

## 17. Bedankings en slotgedagtes

***Bedanking aan Melissa***

In 'n jaar wat vir die Genootskap besonder uitdagend, onvoorspelbaar en veeleisend was, het Melissa met toewyding, professionaliteit en deursettingsvermoë die administratiewe hart van die Drakensberger Genootskap aan die klop gehou.

Agter die skerms het sy week na week met die bemarkingspan, dagbestuur en verskeie komitees geskakel om seker te maak dat die vele aktiwiteite van die Genootskap glad verloop. Haar verantwoordelikhede strek oor 'n wye spektrum van take, waaronder die organisering en administrasie van die Algemene Jaarvergadering, Nasionale Veiling en ander belangrike funksies; die hantering van trofeë, drukwerk, kwotasies en die afhandeling van administrasie en fakture.

Sy speel ook 'n sleutelrol in die beplanning en koördinering van NAMPO, insluitend bemarking, klerebestellings, verblyf, voorraad, bywoning en logistieke reëlings. Haar betrokkenheid strek selfs verder as die kantoor, soos die oorhandiging van pryse aan kompetisiewenner van Nampo.

Melissa is dikwels die skakel tussen die Genootskap, sy lede, borge en bedryfsvennote. Sy ondersteun die werwing van nuwe borge, fasiliteer vergaderings, stel kennisgewings, agendas en notules op, en verseker dat kommunikasie professioneel en tydig plaasvind. Daarby koördineer sy talle aanlyn- en persoonlike vergaderings, dikwels met deelnemers van regoor Suid-Afrika en selfs internasionaal.

Onder haar leiding is die Genootskap se webwerf verder ontwikkel en uitgebrei met 'n nuwe aanlyn winkel. Sy was ook betrokke by die reëlings vir Trailblazer, keuringstoere, veilingkatalogusse, BGP-administrasie, beskermheer-aangeleenthede en die opstel van veilingverslae.

Baie van hierdie werk gebeur stilweg agter die skerms en gaan maklik ongesiens verby. Tog vorm dit die fondament waarop die daaglikse funksionering van die Genootskap rus.

Melissa, jou volgehoue diens, lojaliteit en bereidwilligheid om altyd die ekstra myl te loop, word opreg waardeer. Namens die Drakensberger Genootskap en sy lede wil ons jou bedank vir jou harde werk, jou ondersteuning en jou toewyding aan die uitbou van ons ras en sy mense.

Dankie vir alles wat jy doen. Ons sien dit raak, ons waardeer dit opreg, en ons is dankbaar om jou as deel van die Drakensberger-familie te hê.

## 18. Slot gedagtes

Het ons as Drakensberger telers enige rede om bekommerd te wees oor die volhoubaarhed van die ras? Die ras waarmee ons gemaklik is in die omstandighede waarin ons ons self bevind, die ras wat n diep spoor getrap het oor die afgelope 374 jaar? Wat fenotipies 'n metamorfose ondergaan het, wat die nuutste wetenskaplike evaluasies inkorporeer in vordering.

Kuddes en stoettelers wat die lang pad geloop het, weet wat hulle in die Drakensberger het, die ras het hulle gebring waar hulle tans is, omstandighede is die hoof gebied, die volgende seisoen het nuwe lewe gebring. Vir die teler en sy diere. Prysenswaardig. Geskiedenis makend, gerusstellend, met groot vertroue. Hulle weet wat hulle het.

Nuutste wetenskap kan nie die Drakensberger verander nie, maar beskryf die genetiese prentjie in meer volledigheid. Dit is die speelpark van die genetika, dit is hulle belangstelling, hulle floreer op inligting wat aan hulle verskaf word. Omsigtigheid is egter nodig in die benadering tot ALLE lede vir die praktiese toepassing van die belangrike inligting.

Nuwe konsepte soos dubbelbespiering (is al n bietjie oud), “Celtic gene”, Friesian gene “, haplotipes, “Single Nucleotide Polymophisms (SNP), en hordes meer, is vreemd en voel bedreigend. Die vordering met fenotipiese voorkoms, weg vanaf die Trek -Os, wat swaarder in die voorkwart was vir trek doeleindes, het jarelange toewyding geverg. Dit was tog geslaagd, die diere beindruk tans, daar is n strategie in plek vir die ras.

Die volhoubaarheid en vooruitgang van die Drakensberger ras is baie eenvoudig: Die fokus en seleksie vir **funksionele doeltreffendheid**.

Reproduksie en vrugbaarheid, hormonale balans en konformasie, raamtipe, haarkleed en hoewe, langslewendheid en melkproduksie (melkspieel). Al hierdie eienskappe het die ras in plek. Dit moet die basis wees van die ‘branding” van die ras vir die toekoms. Ons as Drakensberger telers sit op n diamantaar, ons moet die grond bewerk! Met trots en vrymoedigheid.

Dit is en was n voorreg om die afgelope jaar aktief betrokke te wees by die Drakensbeger Beestelersgenootskap. ‘n Unieke klompie mense om te ken. Die menslike pogings is uiteraard slegs moontlik deur God wat ons die krag en leiding gee, aan Hom al die eer. Danie Bosman het telkens opgemerk:”God is in beheer” Hy is.

My dank aan Marianne vir haar ondersteuning deur die afgelope jaar, die jaar is met dankbaarheid beleef.

Ek kan geen verslag afsluit sonder om die vreugde te deel wat ek in die veldstap beleef met my hond Chino nie. Dit laat my gedagtes wei.

Beste wense en mooi loop.

Johann Fourie

PS Die verslag word opgedra aan my seun Ruan Fourie

8/12/1994 – 3/4/2026